

KONINKRYK

LES 34

1	GEBED
----------	--------------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] JESAJA 5 - 8
----------	---

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Jesaja 5 - 8). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE IN ROMEINE] (14) ROMEINE 10:12
----------	--

Repeteer twee aan twee

(14) Romeine 10:12. Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik.

4	BYBELSTUDIE (85 minute) [DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] ROMEINE 9:1-33
----------	--

Inleiding. In Romeine 1:16-17 (OAV) stel Paulus dat “die evangelie is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo: eerste vir die Jood en ook vir die Griek (die nie-Jood en die heiden)”. Maar die feit dat die Jode 'n posisie van prioriteit gehad het (sien Matteus 10:5-6) blyk nie uit die daaropvolgende geskiedenis nie. In plaas van die regverdiging deur die geloof van 'n groot aantal mense uit Israel, was daar eerder grootskaalse ongeloof en afval aan die kant van Israel (sien Hebreërs 4:2,6).

Daarom beskryf Paulus in Romeine hoofdstuk 9 tot 11 God se plan met betrekking tot die Jode en God se plan met betrekking tot die nie-Jode (die heidene). Hy toon aan hoe hierdie planne op mekaar betrekking het ten opsigte van die verlossing van beide.

God kies 'n volk op die aarde uit en gee aan hierdie volk bepaalde **voorregte** (Romeine 9:1-5).

God kies 'n oorblyfsel (res) (Romeine 9:27,29; sien Genesis 45:7; Jesaja 1:9; 4:2-3; 10:20-21; 46:3-4; Jeremia 50:20) uit die volk en gee aan hulle **verlossing**. God is soewerein en verlos (red, behou, maak salig) wie Hy wil (Romeine 9:6-16) en Hy verhard ook wie Hy wil (Romeine 9:17-18). Alle skepsels staan volledig tot die beskikking van die soewereine God (Romeine 9:19-21). Hy toon uitermate geduld met mense (Romeine 9:22-24) en roep op effektiewe wyse die mense wat Hy wil verlos (red, behou) (Romeine 9:25-29)(Romeine 9:6-29)(sien Johannes 17:2,6).

God kies Jesus Christus om die **Rots (Verlosser)** te wees waarop Hy sy Nuwe Gemeenskap (sy volk, sy Gemeente/Kerk) bou (Romeine 9:30-33; sien 1 Petrus 1:20) of om die Struikelblok te wees waarvoor ongelowiges en nie-Christene bly val (Lukas 2:34; 1 Petrus 2:4-10).

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
<i>Lees.</i> Ons gaan Romeine 9:1-33 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
<i>Oorweeg.</i> WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? <i>Skryf neer.</i> Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek. <i>Deel.</i> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

9:1-5

Ontdekking 1. 'n Beskrywing van die voorregte van Israel.

Die voorregte van die natuurlike volk Israel was die volgende: God het hulle apart gesit om Hom te ken, te aanbid, te dien en aan ander mense bekend te maak (sien Jesaja 43:10; Handeling 13:16-23).

“God het die Israeliete as sy kinders aangeneem” is ’n uitdrukking wat verwys na Israel as “God se eersgebore seun” (Eksodus 4:22-23; Hosea 11:1) en beteken dat Israel die *begin van God se volk* op die aarde was, maar nie die enigste mense was wat tot God se volk op die aarde behoort nie (Efesiërs 2:11-13; 3:2-6)!

“Die heerlikheid” is ’n verwysing na God se openbaring aan hulle en God se teenwoordigheid onder hulle in die geskiedenis – die wolkkolom oordag en die vuurkolom snags (Eksodus 13:21-22). God se heerlikheid is die uitstraling van sy goddelike kenmerke (soos sy werklikheid, teenwoordigheid, mag, geregtigheid, ens.) (sien 2 Kronieke 7:1-3).

“Die verbonde” is in die meervoud ’n verwysing na die één genadeverbond wat Hy met Abraham gesluit het en daarna telkens weer gedurende die Ou-Testamentiese periode bevestig het (Genesis 12:1-3; 22:17-18; Eksodus 6:1-7; 1 Kronieke 17:11-14; Jeremia 31:31-34; sien belofte in Galasiërs 3:16).

“Die wet van Moses gegee” is ’n verwysing na die wette wat Moses ontvang het (sien Galasiërs 3:16-19).

“Die tempeldiens” is ’n verwysing na die aanbidding van die lewende God in die tabernakel en die tempel gedurende die Ou-Testamentiese periode (sien Hebreërs 9:6-10).

“Die beloftes” is ’n verwysing na die baie beloftes in die Ou Testament, bv. hulle sou ’n ontelbaar groot volk word (Genesis 15:6; sien 1 Konings 4:20). Hulle sou ’n groot land erf (Genesis 15:18; sien 1 Konings 4:21). Die kinderlose vrou sou baie kinders kry (Genesis 18:10,14). Met God se hulp sou hulle menselik onmoontlike dinge doen (Psalm 18:30). Die Messias sou uiteindelik die betekenis van Israel vervul (Jesaja 49:3,6; Galasiërs 4:3-5).

“Die aartsvaders” is ’n verwysing na Abraham, Isak en Jakob. Hulle het die woorde en daade van God uit die periode lank vóór die wetgewing deurgegee (sien Galasiërs 3:16-17). Hulle is die begin van God se verbondsvolk op die aarde.

“Uit hulle is die Christus as mens (Grieks: vlees) gebore” beteken Christus na sy menslike afkoms (sien Lukas 3:23,37; Romeine 1:3). Dit is ’n verwysing na die baie beloftes aangaande die komende Messias. Hierdie belofte is aan geen ander volk op die aarde gegee nie! En hierdie belofte is ook alleen vervul in die natuurlike volk van Israel (Johannes 4:22). Alleen met betrekking tot sy menslike natuur is Christus afkomstig uit die natuurlike volk van Israel (Galasiërs 4:3-5). Met betrekking tot sy goddelike natuur behoort Christus nie tot die natuurlike volk van Israel nie. Jesus Christus is veel meer as alleen maar “vlees”. Jesus Christus is “Gees” (Romeine 8:9-10; 2 Korintiërs 3:17), dit wil sê, God wat naas sy goddelike natuur ook die menslike natuur in die skepping en in die menslike geskiedenis aangeneem het (sien Filippense 2:5-11) sodat ons menslike wesens kinders van God mog word en steeds meer mog verander na die beeld van God (sien Filippense 3:8-21).

9:6-13

Ontdekking 2. 'n Verdediging van God se trou.

“Die Woord van God” (dit wil sê, God se verbondsbefolte) het nie verval nie. Dit geld nog steeds. Die ongeloof van die natuurlike volk van Israel en hul verwerping van God beteken nog nie dat God se verbondsbefolte gefaal het nie! God het sy verbondsbefolte nie met almal gemaak nie, maar met hulle wat Hy uit genade uitgekies het!

(1) God handel getrou ten opsigte van sy belofte (Romeine 9:6-9).

Die woorde: “Israel” en “saad” (of nageslag, kinders) word sowel in ’n meer inklusiewe sin as in ’n eksklusiewe sin in die Bybel gebruik. Die eksklusiewe betekenis word bepaal deur God se belofte.

God beskou nie alle mense wat tot die natuurlike volk van Israel behoort as ook behorend tot die ware Israel nie. Die natuurlike volk van Israel het hoofsaaklik uit Jode, die twaalf stamme wat afgestam het van die twaalf seuns van Jakob bestaan. Maar ook nie-Jode het hulle by die natuurlike volk van Israel aangesluit. Bv. bepaalde Kanaäniete (soos bv. die Gibeoniete in Josua 9 en die Moabiet Rut). Ook vreemdelinge uit nie-Joodse (heidense) volke wat begin glo het in die God van die Bybel (die HERE)(Jesaja 56:1-8) het hulle by die natuurlike volk van Israel aangesluit. Die natuurlike volk van “Israel” sluit ongelowiges in en is nie dieselfde as die geestelike volk “Israel” nie wat alleen bestaan het uit gelowiges in die God van die Bybel, hetsy gelowige Jode of gelowige nie-Jode.

In vers 8 is “die kinders wat in die gewone gang van die lewe gebore is” (letterlik: “kinders na die vlees”) die natuurlike nasate van Abraham. God beskou natuurlike kinders van mense nie as kinders van God nie. God beskou “die kinders van die belofte” as kinders van God. God het ’n belofte aan Abraham en Sara gemaak aangaande hul seun Isak. God het geen belofte aan Abraham en Hagar gemaak nie en daarom het dit niks met hul seun Ismael te make nie! God se belofte gaan alleen individue aan in wie sy belofte ook ’n werklikheid word.

Gevolgtrekking (I). Mense word nie kinders van God deur geboorte of natuurlike afkoms nie. Hulle word alleen kinders van God deur God se soewereine belofte!

(2) God handel getrou in ooreenstemming met die doel van sy uitverkiesing (Romeine 9:10-13).

Enersyds word die woorde “Jakob” en “Esau” in ’n meer inklusiewe sin gebruik, maar andersyds ook weer in ’n meer beperkte sin. Die beperkte sin word bepaal deur God se woorde: “ooreenkomstig die verkiesing” (Romeine 9:11), deur “God se roeping” (Romeine 9:12) en deur “God se liefde” (Romeine 9:13).

Gevolgtrekking (II). Mense word nie die kinders van God deur menslike werke (of godsdienstige werke van die wet, of goeie werke van mense) nie. Hulle word alleen kinders van God deur God se soewereine uitverkiesing. God se soewereine roeping (wat altyd effektief is) en deur God se soewereine liefde!

9:14-18

Ontdekking 3. God se geregtigheid word heeltemal in die gelyk gestel.

(1) God is soewerein en dus vry om sy genade te skenk aan wie Hy wil (Romeine 9:14-16).

Ons kan alleen oor “geregtigheid” of “billikheid” praat wanneer iemand ’n reg het of ’n regmatige aanspraak kan maak. Paulus verdedig God se geregtigheid of billikheid (in die besonder, dat “God verlos wie Hy wil”) met die argument dat niemand op die aarde die reg het dat God Hom sou moet verlos (red, behou) nie. Niemand het ’n reg op verlossing nie!

Byvoorbeeld. As God alle mense op die aarde as in volkome onskuld gebore beskou, dan sou hulle aan die begin van hul lewe *op die nullyn* tussen goed en kwaad staan. Dan sou hulle ook instaat wees om self te bepaal of hulle in die rigting van die goeie (i.e. die verlossing) of in die rigting van die kwade (i.e. die verdoemenis) beweeg. Dan sou mense die reg hê om hul eie eindbestemming te bepaal. En dan sou God heeltemal willekeurig en onbillik wees as Hy sommige mense op die aarde uitkies om verlos te word en ander nie! Dan sou hulle kon sê dat God onbillik was.

Maar, omdat alle mense op die aarde ver onder die nullyn tussen goed en kwaad staan, het geen mens die reg of die vrye keuse of die vermoë om te kies tussen verlossing en verdoemenis nie! Alle mense is met ’n sondig natuur gebore (Romeine 5:12; Psalm 51:7; Job 14:4). Alle mense het gesondig en skiet vêr te kort aan God se heilige en regverdige vereiste (Romeine 3:23). God beskou alle mense as “sondaars” (mense wat God se doel mis), “goddeloses” en “vyande” (Romeine 5:6,8,10). Alle mense het met die hele menslike geslag in sonde geval (Romeine 5:17-19). Alle mense is al klaar verlore, veroordeel en onderhewig aan God se toorn (Romeine 1:18; sien Johannes 3:16,18,36). Dus, as God alle mense op die aarde sou verdoem en geen enkele mens sou verlos (red, behou) nie, sou Hy nog volkome en volmaak (100%) heilig en regverdig wees!

Die feit dat God nogtans ’n ontelbare aantal goddelose en onregverdige mense verlos (red, behou) is omdat God se liefde vir verlore mense sy geregtigheid ver oortref! “God se barmhartigheid triumfeer oor God se oordeel” (Jakobus 2:13)!

Ons kan alleen oor “genade” praat wanneer niemand ’n regmatige aanspraak het nie. Genade of barmhartigheid is God se vrye geskenk wat geen mens verdien nie! God sê dat Hy met medelyde en barmhartigheid Hom sal ontferm oor wie Hy wil (Romeine 9:18). Die feit dat God Hom ontferm en barmhartigheid en genade toon aan ’n ontelbare aantal mense wat dit niet verdien nie (Openbaring 5:9; 7:9) is die wonder van sy liefde!

Gevolgtrekking (III). Mense word nie die kinders van God deur hul eie verlange, wil of inspanning nie. Hulle word alleen kinders van God deur God se soewereine genade (barmhartigheid, ontferming)!

(2) God is soewerein en dus vry om te verhard wie Hy wil (Romeine 9:17-18).

Menslike skuld en verharding. In Eksodus 3:18 moet Moses God se opdrag aan farao deurgee om God se eersgebore (oudste) seun, Israel, te laat gaan. Farao het hierdie opdrag volkome vrywillig geweier. Dit bewys die verantwoordelikheid van Farao. Daarom sal God (in die tiende plaag) die eersgebore seun van Farao doodmaak.

In Eksodus 3:19 sê God al by Horeb: “Ek weet dat die Egiptiese koning jou nie sal laat gaan nie, selfs nie onder dwang (dit wil sê, deur die tien plae van God) nie”. Dit bewys die alwetendheid van God. God sê dit van te vore, sodat Moses nie moedeloos sal word nie.

En in Eksodus 4:21 sê God dat die wonders wat aanvankelik vir Israel bedoel was (Eksodus 4:4-5 8-9), nou ook vir Farao bedoel is. “Ek self sal eger sy hart verhard (Hebreeus: Pi. chiseq, letterlik: versterk, hardnekkig of koppig maak), sodat hy die volk nie sal laat gaan nie.” Dit bewys die absolute vrymag van God. Wat God van te vore weet, laat Hy ook geskied, maar die soewereine kennis en soewereine handeling van God sluit die verantwoordelikheid van Farao nie uit nie. God weet al die einde van die stryd en voer alle gebeurtenisse (ingeslote die verharding van Farao) na daardie einde toe. Dit is nie alleen maar die voorkennis van God nie, maar ook die voorbestemming van God (sien Jesaja 14:24,27). Daarom sê God in Eksodus 9:16 met betrekking tot Farao, “Daar is net een rede waarom Ek jou nog laat lewe, en dit is dat Ek jou my mag kan wys en my Naam daardeur oor die hele wêreld geroem kan word.”

Enersyds beteken God se verharding God se weerhouding van sy genade. “Die groot rampe wat julle self gesien het, die tekens, daardie groot wonderdade. En tog het die Here tot nou toe nie vir julle verstand gegee om te verstaan, oë om te sien en ore om te luister nie” (Deuteronomium 29:3-4).

Andersyds beteken God se verharding God se bestraffing van die weerstand (verharding) van die mens. “Wat ’n mens saai, dit sal hy ook oes” (Galasiërs 6:7-8). Die verharding waaroor die Bybel praat, is ’n wetlike of juridiese begrip. Die mens wat hom verhard, verdien altyd hierdie straf! Byvoorbeeld. Omdat heidene met opset die waarheid (van God se openbaring) onderdruk en verdraai (Romeine 1:18,25), het God hulle oorgegee aan ’n lewe van seksuele losbandigheid, ’n verwerplike denke en elke vorm van ongeregtigheid (Romeine 1:24,26,28). Die heidene het hulle harte steeds teen die God van die Bybel verhard en daarom het God hulle uiteindelik oorgegee aan ’n verharde hart! Wie homself voortdurend verhard, word uiteindelik verhard.

Ons mag “goddelike verharding” dus nooit apart van “menslike verantwoordelikheid of skuld” definieër nie (Eksodus 4:21-23)! Omdat Farao hom steeds teen God en sy waarskuwings bly verhard het, het sy hart verhard gebly. So gebruik God hierdie Farao om sy Naam oor die hele aarde te versprei.

Die goddelike wil en verharding. Van ’n wetlike of juridiese oogpunt verdien alle mense om verhard te word, omdat hulle almal gesondig het. Die feit dat God nogtans Hom oor ’n ontelbare aantal mense ontferm en hulle nie verhard nie (dit wil sê, sy genade nie van hulle weerhou nie!), dui op God se soewereine vrymag.

Dus, bepaalde mense word nie kinders van God nie om twee redes:

- Op God se wetlike (juridiese) vlak het alle mense gesondig en verdien om verhard te word. As God mense sonder straf sou regverdig, sou Hy nie langer regverdig wees nie. En selfs as God geen mens sou regverdig nie, sou Hy tog volkome regverdig bly! Op die wetlike vlak, moet God die sonde straf.
- Op God se soewereine vlak het God die reg om sommige mense te regverdig en ander mense nie te regverdig nie. God het die reg en vrymag om sy genade (ontferming) aan skuldige mense te gee of te weerhou!

Gevolgtrekking (IV). Mense word nie die kinders van God deur hul eie wil, keuse of besluit nie. Hulle word alleen kinders van God deur God se soewereine en allesbepalende wil!

9:19-26

Ontdekking 4. God se soewereiniteit word heeltemal in die gelyk gestel.

God se soewereine wil en bepaling stel mense nie vry van hul persoonlike verantwoordelikheid en skuld nie.

(1) God se soewereine wil is ’n “uiterste saak” (’n laatste, eind of grond saak) (Romeine 9:19).

“Die uiterste dinge” is dinge waarvan die grense ver buite die mens lê, dinge wat onveranderlik is en waarop mense geen invloed kan hê nie. Die mens moet homself aan hierdie uiterste dinge onderwerp. Byvoorbeeld.

God se soewereine werk in die skepping bepaal wie ons is, wanneer ons in die geskiedenis lewe en waar ons op die aarde lewe (Handelinge 17:24-27).

God se soewereine heerskappy oor die hemel en die aarde bring deur Jesus Christus alle dinge onder een Hoof en werk alle dinge ooreenkomstig die raad van sy wil (Efesiërs 1:10-11; sien 1 Korintiërs 15:25).

God se soewereine oordeel van die wêreld sal alle ongeregtigheid van mense volkome regverdig oordeel (Romeine 3:6; sien Lukas 12:47-48).

God se soewereine wil of voorneme ooreenkomstig die verkiesing bepaal oor wie God Hom ontferm en van wie Hy sy ontferming (genade) weerhou (Romeine 8:28-30; 9:6-26).

God se soewereine gedagtes (planne, doele, ontwerpe) (Hebreeus: machshebah) vir mense, gebeurtenisse en omstandighede bepaal sy soewereine maniere (Hebreeus: derek) waarop Hy dinge doen (Jesaja 55:9).

Telkens as ons gekonfronteer word met “uiterste sake”, moet ons ons daaraan onderwerp. Dan sal ons met God se wil, voorneme of plan tevrede wees. Dan betwyfel ons nie sy weë nie en bevraagteken (weerstaan) nie sy besluite nie. God se soewereine en allesbepalende wil is “’n uiterste saak”. Wie is ons dat ons sy weë sou betwyfel of sy besluite sou weerstaan? Ons kan beter stil bly en diep ontsag toon aan God se almagtige majesteit! Natuurlik mag ons God vra om lig te werp op sy plan (wil). Ook mag ons met entoesiasme (geesdrif) praat oor sy plan (Romeine 11:33-36).

(2) God se soewereine wil tree op in die werklike wêreld van gevalle mense (Romeine 9:20-23).

Die Bybel praat oor God se soewereine heerskappy oor mense wat nie ideaal (volmaak), maar sondaars is! Die mens is soos klei in God se hande, is alreeds gevalle en is alreeds verdorwe. Die Pottebakker het die reg om enigiets uit daardie blok klei te maak.

Terwyl ons sê dat “die voorwerpe van God se toorn” die oorsaak (en skuld) van hul eie verderf is (Romeine 9:22), kan ons nie sê dat “die voorwerpe van God se ontferming” die oorsaak (en verdienste) van hul eie verlossing is nie (dit wil sê, dat hulle hul verlossing verdien nie)! God is die Enige wat op soewereine wyse hul toekoms van te vore (selfs vóór die grondlegging van die wêreld)(Efesiërs 1:4) bepaal het en wat hierdie toekomstige heerlijkheid in die tyd geopenbaar het (Romeine 9:23).

Daar is kontinuïteit tussen die huidige en die toekomstige lewe van “die voorwerpe van God se toorn”. Daar is volkome ooreenstemming met hul huidige (sondige) lewe en die verderf waartoe hulle veroordeel word. Daar is geen ontkoming

aan hul persoonlike verantwoordelikheid of persoonlike skuld nie. Die loon van hul skuld is die verderf (sien Romeine 6:23a).

Daar is ook kontinuïteit tussen die huidige en die toekomstige lewe van “die voorwerpe van God se ontferming”. Daar is volkome ooreenstemming met die proses van genade wat in hul huidige lewe werksaam is en die heerlikheid wat hulle uiteindelik in die toekomstige lewe verkry (Romeine 8:29-30)!

Gevolgtrekking (V). Alle mense op die aarde is voorwerpe om God se oordeel (Romeine 9:17,22) of God se genade ten toon stel (Romeine 9:23)!

(3) God se soewereiniteit bepaal sy roeping van die nie-Jode (heidene) (Romeine 9:24-26).

God roep mense uit beide die Jode en die nie-Jode. God het getrou aan sy verbondsbelofte gebly. Dit word die eerste getoon in die voorwerpe van sy ontferming (dit wil sê, die uitverkorenes) onder die Jode (Romeine 9:24a; sien 9:6). Daarna word dit ook getoon in die voorwerpe van sy ontferming (dit wil sê, die uitverkorenes) onder die nie-Jode (heidene)(Romeine 9:24b; sien 8:33; 2 Tessalonisense 2:13-14; 2 Timoteus 1:9). Dit is belangrik dat God se verbondsbelofte en genade veel verder reik dan alleen aan die Jode. God se verbondsbelofte en genade reik tot aan elke stam, taal, volk en nasie (Openbaring 5:9; 1 Petrus 2:9-10)! God se verbondsbelofte vind sy uiteindelige vervulling in Jesus Christus, in wie alle families (volke) op die aarde geseën word (Galasiërs 3:16)!

- “Ek sal jou baie seën en jou vrugbaar maak en jou nageslag (Hebreeus: sera, saad, hier: die gelowiges uit alle nasies) so baie maak, soos die sterre aan die hemel en soos die sand van die see” (Genesis 22:17).
- Jou nageslag (Hebreeus: sera, hier: die volk van Israel wat die land van Kanaän in besit sal neem) sal die stede van sy vyande in besit neem (Genesis 22:17; vergelyk Genesis 15:18-21) .
- En in jou Nageslag (Hebreeus: sera; Grieks: sperma, hier: Jesus Christus) sal al die nasies van die aarde (Hebreeus: goi, volke, heidene) geseën wees” (Genesis 22:18; vergelyk Genesis 12:3; Galasiërs 3:16)!

God se roeping van nie-Jode gedurende die Ou Testament. In die Ou Testament sê die profeet Jesaja: “’n Nie - Israeliet wat by die volk van die HERE aangesluit het, moenie dink: die HERE sal my van sy volk afsny nie.” ... “want my tempel sal uitgeroep word tot ’n huis van gebed vir al die volke. Die HERE my God, wat die verstrooides uit Israel bymekaarmaak, sê: Ek sal ander byvoeg, by dié wat reeds bymekaargemaak is” (sien Jesaja 56:3-8)(740-680 v.C.). God belooft om ander tot sy volk toe te voeg.

Hosea 2:23 en Hosea 1:10 (754 – 714 v.C.) verwys na Jode as “nie My volk nie” (Hebreeus: Lo ammi) en oor wie die HERE hom “nie ontferm nie” (Hebreeus: Lo ruchama) in die periode van die goddelose en onregverdige konings van die noordelike koninkryk van Israel.

Nietemin belooft God dat Hy Hom in die toekoms weer oor Jode sou ontferm. Dit is vervul tydens die terugkeer van die Jode uit die ballingskap in Babilonië (538 v.C.)(sien Jesaja 43:5-7), later weer tydens die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster (Handelinge 2:5-11)(30 n.C.) en nog later tydens die verkondiging van die evangelie onder alle volke (sien Romeine 11:4-5) (lente 57 n.C.).

God se roeping van nie-Jode gedurende die Nuwe Testament. In sy brief aan die Romeine pas Paulus hierdie beginsel ook toe op die nie-Jode (die heidene). Die aanvanklike verwerping van Israel en die latere herstel van (die uitverkorenes in) Israel het sy parallel in die aanvanklike uitsluiting van nie-Jode buite die voorregte van Israel en die latere insluiting van die uitverkore nie-Jode in God se volk op volkomen gelyke voet met Joodse Christene (sien Efesiërs 2:1-22; Efesiërs 3:1-6)!

Alle mense uit die Joodse volk en alle mense uit die nie-Joodse volke wat in Jesus Christus glo, vorm saam die ware en geestelike “Israel”, die volk van God (Romeine 9:6; sien Galasiërs 6:14-16; 2 Korintiërs 6:16; 1 Petrus 2:9-10). Die nadruk is op God se soewereine roeping wat mense roep om aan sy genade deel te hê. Dit is suiwer genade dat mense wat vroeër nie God se volk was nie nou wel God se volk mag wees (Romeine 9:25-26; sien 1 Petrus 2:9-10)!

9:27-33

Ontdekking 5. Die uitleg oor wie “die oorblyfsel” is.

(1) Die profesieë in die Ou Testament praat duidelik oor “’n oorblyfsel (’n restant)” van Israel”, “’n handjievul (klompie) wat oorbly” (Romeine 9:27-29; Jesaja 1:9).

Al gedurende die ou-Testamentiese periode was die getal van Israeliete “ontelbaar” (1 Konings 3:8), soos “die stof van die aarde” (Genesis 13:16; 2 Kronieke 1:9), soos “die sterre aan die hemel” (Genesis 15:5; Deuteronomium 10:22) en soos “die sand van die see” (Genesis 22:17; 1 Konings 4:20).

En tog, al was die volk van Israel so talryk, sou alleen “’n oorblyfsel” van Israel na die Magtige God van Israel terugkeer (dit wil sê, verlos word) (sien Jesaja 10:22-23; 1 Konings 19:18; Jeremia 50:20; Joël 2:32; Micha 2:12)! Hierdie soewereine onderskeid tussen die natuurlike volk van Israel en die geestelike “oorblyfsel of klompie” van die volk van Israel verseker dat God altyd trou bly aan sy verbondsbelofte aan Israel. Hoewel baie Jode die Messias, Jesus Christus, verwerp en daarmee in ontrou afval van God se verbond, sal daar altyd Jode wees wat in Jesus Christus sal glo en daarom verlos sal word. Hulle is “die oorblyfsel (die restant)” (Johannes 1:11-13); hulle is die “klein kuddetjie” aan wie God die Vader die koninkryk gee” (Lukas 12:32).

Op dieselfde wyse het God baie mense uit elke nie-joodse volk in die wêreld uitverkies (Romeine 8:29-30,33).

Sy uitverkiesingvoorneme wat nie uit menslike werke, maar uit God se soewereine roeping standhou (Romeine 9:11), bestaan “nog voordat die wêreld geskep is” (Efesiërs 1:4), “op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het” (2 Timoteus 1:9). In elke generasie sal daar (deur die evangelieverkondiging) ’n oorblyfsel ontstaan ooreenkomstig die verkiesing van die genade (Romeine 11:5). Die betekenis van hierdie oorblyfsel moet nie onderskat word nie, omdat sonder hierdie oorblyfsel die natuurlike volk van Israel netsoos Sodom en Gomorra uitgewis sou gewees het (Jesaja 1:9)(Romeine 9:27-29)!

**(2) Die profesieë in die Ou Testament waarsku duidelik teen “struikeling”
(Romeine 9:30-33).**

Geregtigheid kry teenoor geregtigheid najaag. Die geregtigheid wat toegereken word, is die geregtigheid van God wat Jesus Christus verwerf het en wat alleen deur God se genade en deur geloof verkry word (Efesiërs 2:7-8). Hierdie geregtigheid beteken dat God die geregtigheid van Jesus Christus toereken (toeskryf) aan ’n mens wat in Jesus Christus glo. Alleen so verklaar God hierdie gelowige volkome (100%) regverdig in sy oë en beskou en behandel hom van dan af soos volkome (100%) regverdig.

Maar die geregtigheid wat nagejaag word, is die geregtigheid van godsdienstige mense¹ wat dink dat hulle deur die werke van die wet (godsdienstige werke) deur God geregverdig sal word. Hulle hoop dat God hulle sal regverdig op grond van hul religieuse verdienste en eie vermoë.

Waarskuwing en belofte in die Ou Testament. Al gedurende die Ou-Testamentiese periode het God mense wat hul eie geregtigheid najaag en die geregtigheid van God in Jesus Christus verwerp, gewaarsku. Die komende Messias (Jesus Christus) sou vir hulle tot “’n klip wees waarteen ’n mens jou stamp, ’n rots waaroor jy struikel” (Jesaja 8:14). Maar mense wat in Hom (en sy geregtigheid) glo, sal nie beskaam word nie (Jesaja 28:16; sien Lukas 2:34; Matteus 21:44; 1 Petrus 2:6-8).

De verhouding tussen die wil van God en die wil van die mens. Enersyds sluit die soewereine en bepalende wil van God nooit die verantwoordelikheid van die mens uit om te glo, te gehoorsaam en heilig te lewe nie! Die soewereine wil van God verplaas of oorstem nooit die vrye wil en handelinge van mense nie! Andersyds bepaal die sogenaamde vrye wil van die mens nooit die soewereine wil van God nie (sien Romeine 8:5-8)!

Gevolgtrekking (VI). Die soewereine wil van God sluit die verantwoordelikheid van die mens (om te glo, te gehoorsaam en heilig te lewe) in en garandeer dat die wil van God op die aarde sal geskied (Matteus 6:10; Efesiërs 1:4-14; 2 Timoteus 1:9).

“Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlose mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer “ (Filippense 2:12-14).

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 9:1-33 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

9:4-9

Vraag 1. Beskou die Bybel Israel in nasionale of in religieuse terme?

Aantekeninge. Daar is vandag Jode en Christene wat “Israel” eksklusief in terme van ras of etniese en nasionale terme beskou. Hulle glo dat die volk van Israel “die nasionale volk van God” is. Hulle glo ook dat God ’n ander plan van verlossing vir die fisiese en nasionale volk van Israel het dan vir die ander volke in die wêreld. Maar ’n noukeurige studie van die Ou Testament en die Nuwe Testament sal aantoon dat die outeurs van die Bybel die uitdrukking “Israel” nie alleen gebruik vir die natuurlike volk van Israel nie, maar veral vir “die geestelike volk van God”. Hulle beskou hul eie volk nie primêr as ’n nasionalistiese entiteit nie, maar as ’n religieuse entiteit!

(1) Die beskouing van die Ou-Testamentiese profete.

Vir die profete was “Israel” die gemeenskap (gemeente) van hulle wat die HERE as God gehad het. Hulle het die ware God van Israel aanbid, netsoos “die sewe duisend wat nie die Baälbeeld aanbid het nie” (1 Konings 19:18). Hulle is “die klompie wat die HERE van die natuurlike volk van Israel laat oorbly het” (Jesaja 1:9; 10:20-22; Hosea 1:10; Joël 2:32; Micha 2:12). Terwyl die meerderheid van die natuurlike volk van Israel verlore sou gaan, sou alleen ’n oorblyfsel

¹ Jode, Moslems selfs alle godsdienste in die wêreld en sommige Christene!

(restant) verlos (gered, behou) word. God sou sy belofte aan Israel in hierdie oorblyfsel vervul. Daarom is die woord “Israel” in die Ou Testament net so elasties soos die woord “Kerk (Gemeente)” in die Nuwe Testament!

(2) Die beskouing van Jesus Christus.

In Israel in sy tyd het Jesus Christus duidelik onderskeid gemaak tussen die Jode wat nie die koninkryk van God sou beërwe nie en die Jode sowel as niet-Jode wat wel die koninkryk van God sou beërwe (Matteus 8:11-12; Matteus 21:42-44). Hy het onderskeid gemaak tussen tydelike dissipels (wat Hom onder hul eie voorwaardes gevolg het) en die ware dissipels (wat Hom onder sy voorwaardes gevolg het) (Lukas 9:57-62; Johannes 6:60-66 en 8:30-47). En Hy het Natanaël “’n ware Israeliet, ’n man in wie daar geen bedrog is nie” genoem (Johannes 1:47).

(3) Die beskouing van die Nuwe-Testamentiese apostels.

Paulus het dieselfde onderskeid gemaak tussen die *natuurlike (fisiese) volk van Israel* en die *geestelike volk van Israel*. Hy het onderskeid gemaak tussen die Jode wat deur mensehande uitwendig in hul liggaam besny is en die Jode wat deur die Gees van God inwendig in die hart besny (dit wil sê, wedergebore) is (Romeine 2:28-29).

Ook in Romeine 9:4-9a gebruik hy die woord “Israel” eers in ’n meer inklusiewe sin soos die etniese (natuurlike) volk van Israel en daarna in ’n meer beperkte sin soos die uitverkore oorblyfsel binne die natuurlike volk van Israel (Romeine 9:6b). Nie al die natuurlike nakomelinge van Abraham is tot kinders van God gereken nie, omdat God sy belofte met betrekking tot Isak en nie met betrekking tot Ismael gemaak het nie. Selfs al die natuurlike nakomelinge van Isak is nie tot kinders van God gereken nie, omdat God sy belofte met betrekking tot Jakob en nie met betrekking tot Esau gemaak het nie. Netso word alle natuurlike nakomelinge van Jakob (die twaalf stamme van Israel) nie tot kinders van God gereken nie (Romeine 9:27), omdat hulle nie almal gegelo het nie (Romeine 9:32; sien Hebreërs 3:18-19; Hebreërs 4:2,6).

Paulus beskou selfs die Christene uit die heidense volke (in die gemeente van die Romeinse provinsie van Galasië) as “kinders van die belofte” en as “die Israel van God” (Galasiërs 4:28-29; Galasiërs 6:16), omdat hulle wel in Jesus Christus gegelo het!

Die apostels Petrus, Matteus en Johannes het dieselfde bekouing daarvoor gehad (sien 1 Petrus 2:9-10; Matteus 8:11-12; 21:42-44; Johannes 10:16).

(4) ’n Vergelyking tussen die uitdrukkings vir die volk van God in die Ou Testament en in die Nuwe Testament.

God se Ou-Testamentiese volk (Israel) word nie beëindig of vervang (deur die Kerk) nie, maar word op ’n hoër vlak van werklikhede (in plaas van skaduwees)(Kolossense 2:17; Hebreërs 9:7-10) voortgesit en vergroot (uitgebrei) om die gelowiges in Jesus Christus in die heidense volke in te sluit.

**DAAROM WORD GOD SE OU-TESTAMENTIESE VOLK, ISRAEL,
EN GOD SE NUWE-TESTAMENTIESE VOLK, DIE KERK/GEMEENTE,
MET DIESELFDE NAME IN DIE BYBEL AANGEDUI!
SAAM VORM HULLE OP VOLKOME GELYKE VOET DIE VOLK VAN GOD.**
(1 Korintiërs 12:13; Efesiërs 2:11-22; Efesiërs 3:2-6).

- God se eersgebore seun (Eksodus 4:22; Jeremia 31:9; Hebreërs 12:23)
- God se seuns en dogters (Jesaja 43:6-7; 2 Korintiërs 6:18)
- Die stad Jerusalem (’n simbool vir God se volk) word genoem: ’n vrou, of die bruid, of die vrou (Jesaja 54:1,11-12; Openbaring 21:9-10)
- Die twaalf stamme (Genesis 49:28; ; Jakobus 1:1; Openbaring 7:4; Openbaring 21:12)
- ’n Koninkryk van priesters (Eksodus 19:6; 1 Petrus 2:9; Openbaring 1:6)
- ’n Heilige volk (Eksodus 19:6; 1 Petrus 2:9)
- God se uitverkore volk (Deuteronomium 7:6; 1 Petrus 2:9)
- God se verbondsvolk (Levitikus 26:12; 2 Korintiërs 6:16)
- ’n Verstrooide volk, vreemdelinge (Deuteronomium 30:1; Psalm 105:10-12; Esegïel 12:15; Ester 3:8; 1 Petrus 1:1)
- Die eersteling van sy opbrengs (oes) (Jeremia 2:3; Jakobus 1:18)
- Skape (’n kudde) uit die kraal van Israel en uit die krale van ander volke (Esegïel hfst. 34; Johannes 10:16)
- Israel (1 Samuel 7:23; Galasiërs 6:14-16)
- Jode (Sagaria 8:22-23; Romeine 2:28-29)
- Sion (ook ’n simbool vir God se volk)(Jesaja 51:16; Jesaja 52:7; Hebreërs 12:22-24)
- Die huidige Jerusalem (wat onder op die aarde is) en die Jerusalem wat bo is (Galasiërs 4:25-26), die Hemelse Jerusalem (Hebreërs 12:22), die Nuwe Jerusalem (Openbaring 21:2), die Heilige Jerusalem (Openbaring 21:10)
- Tempel van God (ook ’n simbool vir God se volk) (2 Korintiërs 6:16)
- Joodse en nie-Joodse gelowiges wat saam erfgename is (van God se volk), saam lede van één Liggaam is en saam deel aan wat God belowe het (Efesiërs 3:6; 2 Korintiërs 1:20).

- Christene (gesalfdes)(Hebreeus: meshichi; Grieks: christoi) (Psalm 105:15) (Handelinge 11:26) (christianous) wat tussen die nie-Christene in die wêreld lewe!

(5) Die Kerk kom tot stand deur die evangelie en die Gees van God.

God roep sy Kerk/Gemeente tot Homself deur die verkondiging van die evangelie gedurende die Ou-Testamentiese periode (Romeine 10:18-21; Galasiërs 3:8; Hebreërs 4:1-3) en gedurende die Nuwe-Testamentiese periode (Handelinge 20:24; sien Handelinge 3:44-49).

Gelowiges uit die Jode en uit die Grieke word met één Gees gedoop tot één liggaam (ook 'n simbool van God se volk). Hulle kry één Gees om te drink (1 Korintiërs 12:13).

Die gelowiges kom byeen in 'n Kerkgemeenskap/Gemeente (Hebreeuws: qahal; Grieks LXX: ekklesia) (Psalm 107:32; Matteus 16:18; Handelinge 8:2; Handelinge 9:1) met "'n raad van oudstes/ouderlinge" (Hebreeus: moshab sekenim; Grieks: presbuterion) as die leiding (Psalm 107:32; 1 Timoteus 4:14).

Die Jode en nie-Jode wat glo in Jesus Christus vorm één organisme, wat soos volg gesimboliseer word deur:

- 'n Kudde (Johannes 10:16)
- 'n Familie met kinders van God (Galasiërs 3:26-29)
- 'n Nuwe mens, 'n huisgesin van God, 'n woning van God in die Gees (Efesiërs 2:11-22)
- 'n Liggaam (1 Korintiërs 12:13; Efesiërs 3:6)
- 'n Olyfboom (Jeremia 11:16-17; Romeine 11:17-24)
- 'n (die) Uitverkore en heilige volk van God (1 Petrus 2:9-10).
- 'n Nuwe Jerusalem (Openbaring 21:9-14, sien Hebreërs 12:22-24 vir Jode en Galasiërs 4:21-31 vir nie-Jode).

"Die Gemeente/Kerk" in die Nuwe Testament word "die Israel van God" (geestelike Israel)(Galasiërs 6:14-16; sien Romeine 9:6) genoem in teenstelling met "die Israel na die vlees" (ANV: natuurlike Israel) (1 Korintiërs 10:18 in die Grieks)(sien Galasiërs 4:24-25). Die Israel van God bestaan uit gelowiges wat roem in die kruis van ons Here Jesus Christus deur wie die sondige wêreld vir Christene gekruisig is en hulle vir die wêreld (Galasiërs 6:14; sien Romeine 2:28-29 en 1 Korintiërs 1:22-26)! "Israel" in hierdie sin word beslis beperk tot *gelowiges in Christus* wat uit Jode *en* uit nie-Jode in beide die Ou Testament sowel as in die Nuwe Testament kom.

Terwyl die natuurlike Israel ontrou aan God en sy Messias geword het (Johannes 1:11), het God of Christus nooit geestelike Israel verwerp nie (Romeine 9:6)! Geestelike Israel bly vir ewig God se verbondsvolk. God het geestelike Israel, d.w.s. die gelowiges in Israel, nooit verwerp nie (Romeine 11:1-6). Geestelike Israel of die Kerk/Gemeente bly vir ewig God se uitverkore volk (*Lees* Romeine 8:29-30,33; Romeine 9:6-18; Romeine 11:1-5,28-29; Efesiërs 1:4; 2 Tessalonisense 2:13-14; 2 Timoteus 1:9-10; sien Johannes 6:44,37; Johannes 17:3,12).

"Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie" (Romeine 10:12; Handelinge 15:9)(sien Galasiërs 3:28; Kolossense 3:11; Openbaring 21:9-14)! Beide is van nature sondig en verlore (Romeine 3:23). Beide word alleen verlos (gered) uit genade en deur geloof in Jesus Christus (Romeine 10:12-13). Christene uit beide groepe behoort tot God se één verbondsvolk (Johannes 10:16).

In die geestelike Israel (in die wêreldwye Kerk/Gemeente) is daar onder Christene geen verskil tussen 'n Jood en 'n nie-Jood nie. Omdat een en dieselfde Here die Here van almal is en almal wat Hom aanroep ryklik seën (Romeine 10:12-13; 1 Korintiërs 1:24; Galasiërs 3:28-29; Kolossense 3:11). "Hy het geen onderskeid tussen ons (Jode) en hulle (nie-Jode) gemaak nie: Hy het ook hulle harte deur die geloof gereinig" (Handelinge 15:9).

9:4-5

Vraag 2. Hoe beskou die Bybel die uitverkiesing van Israel?

Aantekeninge.

(1) Die uitverkiesing van die volk van Israel was 'n uitverkiesing van die hele natuurlike volk van Israel.

Die Ou Testament praat oor "die uitverkiesing van Israel" as 'n *uitverkiesing van die hele natuurlike volk*. Dit beskou die verhouding van God tot die natuurlike volk van Israel in 'n *kollektiewe, inklusiewe en teokratiese sin*. Byvoorbeeld, Deuteronomium 14:2 sê, "Julle is 'n volk wat aan die HERE julle God gewy is. Hy het julle uit al die volke op die op die aarde uitgekies om sy eiendomsvolk te wees" (Deuteronomium 4:37; 7:7-8; Deuteronomium 10:15; Amos 3:2).

(2) Die uitverkiesing van die volk van Israel was egter 'n uitverkiesing tot bepaalde voorregte.

Romeine 9:4-5 leer dat God bepaalde voorregte aan die natuurlike volk van Israel gegee het. God het hulle as eerste in die geskiedenis as sy kinders aangeneem en aan hulle die verbond met Abraham en die wet van Moses gegee. Maar hulle "aanneming tot kinders" beteken nie dat hulle almal verlos (gered) is nie. Galasiërs 3:23 tot 4:7 verduidelik die verskil tussen Israel as "minderjariges" (Grieks: népios)(Galasiërs 4:1) wat gedurende die Ou-Testamentiese periode onder die beskermende voogdskap van die wet gestaan het (Galasiërs 3:13-16) en Christene wat gedurende die Nuwe-Testamentiese periode as "(volwasse) seuns deur God aangeneem" (Grieks: huiiothesia) is (Galasiërs 4:5). Christene is almal "seuns van God" (Grieks: huioi theou) deur die geloof in Jesus Christus (Galasiërs 3:26). Gedurende die Ou-

Testamentiese periode moes die wet as “’n onderwyser of pedagoog” (Grieks: paidagógos) die Jode na Christus lei, sodat hulle gedurende die Nuwe-Testamentiese periode deur die geloof in Jesus Christus (en nie deur die wet te hou nie) geregverdig sou word (Galasiërs 3:24).

In teenstelling word die Joodse en nie-Joodse Christene in die Nuwe Testamentiese periode beskou as “volwasse seuns wat deur die Gees van God gelei word” (Romeine 8:14; Efesiërs 1:5). Gedurende die Ou-Testamentiese periode was die volk van Israel die *fase van voorbereiding*, maar gedurende die Nuwe-Testamentiese periode is die Nuwe Testamentiese Kerk/Gemeente, wat uit gelowige Jode en gelowige nie-Jode bestaan, die *fase van vervulling*.

Die boodskap van die brief aan die Galasiërs is dat mense (sekerlik nie-Jode, maar ook Jode) seuns van God word deur die geloof in Jesus Christus:

- sonder enige onderskeid (Galasiërs 3:28)
- en sonder om die voorbereidende fase van voorgedyskap onder die wet deur te gaan.

Buitendien leer Efesiërs 2:11-22, Efesiërs 3:4-6 en 2 Korintiërs 1:20 duidelik dat die eksklusiewe voorregte van die natuurlike volk van Israel alleen maar tot die eerste koms van Jesus Christus bly bestaan het. Vanaf die eerste koms van Jesus Christus is die gelowiges onder die nie-Jode (die heidene) saam met die gelowiges onder die Jode erfgename van al God se besondere voorregte en beloftes in die Ou Testament en die Nuwe Testament en dit wel op volkome gelyke voet met mekaar (1 Petrus 2:9-10; 2 Korintiërs 1:20)!

(3) Die uitverkiesing van die volk van Israel was nie ’n uitverkiesing tot verlossing nie.

In Romeine 9:6-9 leer Paulus dat nie alle Jode, wat aan die natuurlike volk van Israel behoort, kinders van God is, dit wil sê, verlos (gered) word nie. In Romeine 9:6 sê Paulus “Nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie.” Hiemeer bedoel hy om te sê dat nie alle nakomelinge van die natuurlike volk van Israel tot die geestelike volk van Israel behoort nie! God het die hele natuurlike volk van Israel uitgekies om bepaalde voorregte te geniet, maar Hy het alleen ’n deel van die natuurlike volk van Israel uitverkies tot verlossing.

Deur heel die heilsgeskiedenis van God is “God se voorneme in die uitverkiesing” (Romeine 9:11) die bepalende grondbeginsel.

- God het ’n verbond met Abraham gesluit, maar die verbondsbelofte het nie effek op al die natuurlike nakomelinge van Abraham nie. Byvoorbeeld, Hy kies die enkeling Isak, maar nie die enkeling Ismaël nie.
- God herhaal sy verbondsbelofte aan Isak, maar hierdie belofte het nie effek op al die natuurlike nakomelinge van Isak nie. Byvoorbeeld, Hy kies die enkeling Jakob, maar nie die enkeling Esau nie.
- God herhaal sy verbondsbelofte aan Jakob, maar hierdie belofte het nie effek op al die natuurlike nakomelinge van Jakob nie. Byvoorbeeld in Jesaja 10:20-22 en Romeine 9:27 sê God dat hoewel die getal van die nakomelinge van Jakob soos die sand van die see sal wees, sal slegs ’n handjievol wat oorbly gered word.

9:10-13

Vraag 3. Beskou Paulus “die voorneme van God wat ooreenkomstig die verkiesing is” in terme van ’n bepaalde doel vir hele volke of in terme van verlossing van enkelinge?

Aantekeninge. Paulus verwys duidelik na God se uitverkiesing van enkelinge tot verlossing en nie na die uitverkiesing van ’n volk as geheel nie.

(1) God se voorneme wat ooreenkomstig die verkiesing is, is God se bepalende wil uitgedruk in die verlossing (saligheid) van enkelinge.

In die Nuwe Testament verwys die uitdrukking “uitverkiesing” (Grieks: eklogé) in al sy vorms onmiskenbaar na “die uitverkiesing tot verlossing (redding)”. Byvoorbeeld, 2 Tessalonicensen 2:13 sê, “God het julle uitverkies om van die die eerstes te wees wat gered word. Julle is gered deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het en deurdat julle die waarheid glo.” Wanneer die uitdrukking “voorneme” (Grieks: prothesis, voorneme, wil, besluit, plan) van God gebruik word, dui dit op die beslissende of allesbepalende wil van God (Romeine 8:28; Efesiërs 1:11; Efesiërs 3:11; 2 Timoteus 1:9)! Dus die hele uitdrukking (letterlijk): “God se voornemen wat ooreenkomstig die verkiesing is” (Grieks: hé kat’ eklogén prothesis) (ANV: “Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing” (Romeine 9:11) beteken die beslissende of allesbepalende wil van God uitgedruk in die uitverkiesing tot verlossing!

(2) God se voorneme wat ooreenkomstig die verkiesing is, bepaal God se liefde vir die enkeling Jakob.

In Romeine 9:12-13 sê God, “Die meerdere (in posisie)(of: oudste in ouderdom)(Grieks: meisón) sal die mindere (of jongste in ouderdom)(Grieks: elasson) dien” en “Vir Jakob het Ek liefgehad, maar vir Esau het Ek gehaat.” Dit is aanhalings uit Genesis 25:23 en Maleagi 1:2-5. In die Ou Testament verwys hierdie uitdrukkings duidelik na die *volke* Israel (de nasate van Jakob) en Edom (de nasate van Esau).

Maar in Romeine 9 kan hulle nie na volke verwys nie en moet hulle na *enkelinge* verwys. As hulle na “volke” sou verwys, sou hulle nie die ongeloof en afvalligheid van soveel mense in die volk van Israel kan verklaar nie! Dan sou hulle ook nie die verskil tussen die twee woorde “Israel” in Romeine 9:6 kan verklaar nie. En dan sou die idee dat die

hele volk van Israel uitverkies is tot verlossing teengesprek word deur Romeine 9:27 en 29 wat sê dat alleen “’n klompie” van Israel verlos sou word!

Omdat God se openbaring van sy plan van verlossing vir enkelinge nog nie volledig in die Ou-Testamentiese periode voltooi was nie, dui hierdie twee aanhalings in die Ou-Testamentiese konteks nie op God se kriterium vir wie as kinders van God beskou moet word nie, soos in die Nuwe-Testamentiese konteks. Die Nuwe-Testamentiese openbaring leer duidelik dat nie alle individue wat aan die volk van Israel behoort, uitverkies is om salig te word nie! Ook leer die Nuwe-Testamentiese openbaring duidelik dat nie alle individue, wat aan die volk van Edom behoort, verwerp is om verlore te gaan nie (Openbaring 5:9).

Ten slotte, die tydsaanduiding van die werkwoorde “liefhê” en “haat” (aoristus, aktief) dui op ’n *eenmalige handeling* ten aansien van die individue Jakob en Esau en nie op handeling wat by herhaling plaatsvind in die geskiedenis ten aansien van die volke Israel en Edom nie.

Die feit dat baie Jode in die volk van Israel nie in Jesus Christus glo nie, beteken nie dat God se verbondsbelofte aan Israel gefaal het nie. God het deur heel die geskiedenis heen nooit sy verbondsbelofte aan elke individu in die volk van Israel gemaak nie. Sy verbondsbelofte word gerealiseer in dié Jode wat God uit genade uitverkies het om gered te word, soos byvoorbeeld die enkelinge Isak en Jakob.

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou ’n dinkskrum en stel ’n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 9:1-33.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 9:1-33.

- 9:1. Praat altyd die waarheid en sorg daarvoor dat jou gewete onder beheer van die Heilige Gees die waarheid altyd bevestig.
- 9:2. Wees begaan oor die die verlossing van mense in jou eie volk, maar ook oor die mense in ander volke (Matteus 28:19).
- 9:8. Steun vir jou verlossing nooit op jou afkoms (jou familie, volk of tradisionele godsdiens) nie. Jy word alleen ’n kind van God deur God se genade en deur jou geloof in wat God deur Jesus Christus vir jou gedoen het.
- 9:11-13. Steun nooit op jou godsdienstige werke (pligte) of goeie werke vir jou verlossing nie. Jy word alleen ’n kind van God deur God se uitverkiesing, God se roeping en God se liefde vir jou.
- 9:14-15. Beskuldig God nooit van onreg, omdat Hy die soewereine reg het om bepaalde mense te behou (te verlos) uit alle mense in die wêreld wat alreeds van nature verlore is. Hy verlos (red) ’n ontelbare groot aantal mense, maar hulle word almal uit genade verlos en nie omdat hulle dit verdien nie.
- 9:16. Steun nooit op jou eie verlanse of sogenaamde vrye wil of eie inspannings om verlos te word nie. Jy word alleen ’n kind van God deur God se genade.
- 9:17. Besef dat God elke individu in die geskiedenis gebruik om sy ewige plan te realiseer (Spreuken 16:4; Jesaja 45:7).
- 9:33. Vergeet nooit die waarskuwing in die Bybel: Jesus Christus is die struikelblok waaroor ’n mens val (en verlore gaan) of die Rots waarop hy bou (en vir ewig gered word en gered bly)(Lukas 2:34)!

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 9:1-33.

Ek verbly my in die feit dat God my persoonlik tot Jesus Christus getrek het (Johannes 6:44-45) en dat Jesus Christus my daarom beslis nie sal uitwerp nie (Johannes 6:37; sien Johannes 17:2,6)! Die feit dat ek nou aan Jesus Christus behoort, is ’n diepe sekerheid dat God my uitverkies het, geroep het en liefhet.

As “’n voorwerp van God se ontferming” (Romeine 9:23-24) het God my die eerste liefgehad (1 Johannes 4:19) in die sin dat Hy my tevore uitverkies en voorberei het tot sy heerlikheid. Daarom wil ik bly besef dat God my geskape het tot sy verheerliking (Jesaja 43:7; Matteus 5:16; 6:13).

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 9:1-33.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDERE
----------	-------------------------	---

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 9:1-33 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Jesaja 9, 10,11 en 40**. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: **(15) Romeine 10:17**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van “die ryke dwaas”** in Lukas 12:13-21 en **die gelykenis van “die ryk man en die bedelaar Lasarus”** in Lukas 16:19-31 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.